# Lesing 30.07.2018 - Lesing 6 - Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

Genesis 3:6

Toe sien die vrou dat die Boom goed was om van te eet en dat sy 'n lus was vir die oë, ja, 'n Boom begeerlik om Insig te verkry; en sy **neem van haar vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.** [Boekrol van Henog 32:6]

Gen 3:7 Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle skorte gemaak.

Gen 3:11 En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die **Boom** waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? [Exodus 23:20]

Gen 3:12 En die adamiet sê: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het vir my gegee van die Boom, en ek het geëet.

Gen 3:13 Daarop sê JaHWeH Elohim aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: **Nagash het my bedrieg, en ek het geëet**. [Henog 69:6]

***[Openbaring van Henog 11:55*** *En hy (Sataniêl) het sy doemvonnis verstaan en die oortreding wat hy vroeër gepleeg het, daarom het hy 'n gedagte teen Adam verwek, op so 'n manier* ***het hy Eva bedrieg en met haar gemeenskap gehad,***

*56 maar hy het Adam nie aangeraak nie. Maar Ek ver-vloek onkunde, maar wat Ek vroeër geseën het, het Ek nie vervloek nie,*

*57 Ek het nie die adamiet vervloek nie, ook nie die Aarde nie, ook nie die kruipende diere nie,* ***maar die besoedelde vrug van die adamiet en sy werke.]***

**Gen 3:14** TOE sê JaHWeH Elohim aan Nagash: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek bo al die wilde wesens en bo al die lewendes van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.

Gen 3:15 **En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou,** en tussen **jou saad en haar saad**. Hy [die saad] sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. [Psalm 139:22]

Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; **met smart sal jy kinders baar**; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.

Gen 3:17 En aan die adamiet het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die Boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - **vervloek** is die Adamah[adamiet se Aarde] om jou ontwil; **met moeite** sal jy van haar eet al die dae van jou lewe.

Gen 3:18 Ook sal sy vir jou **dorings en distels** voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. [Spreuke 22:5; JeshaJaH 32:13]

**Gen 4:1** EN die Adam het sy vrou Gawwah beken, en sy het swanger geword en **Kain** gebaar en gesê: **Ek het 'n man verkry van JaHWeH.**

Gen 4:2 Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar. En Abel het 'n herder geword, en Kain 'n bewerker van die Adamah[adamiet se Aarde].

**[Henog 85.1** HIERNÁ het ek nog 'n droom gehad, en ek sal die hele droom aan jou wys, my seun.

3 Voordat ek jou moeder, Edna, geneem het, het ek 'n visioen op my bed gehad - en kyk, 'n bul het uit die Aarde voortgekom (Adam) en daardie **bul was wit**; daarna het 'n vers voortgekom (Eva), en saam met laasgenoemde het **twee bulle** voortgekom, die een **swart** en die ander **rooi**.

4 Maar die swart bul (**Kain**) het die rooi een (**Abel**) deurboor en hom oor die Aarde gejaag en daarna kon ek die rooi bul nie meer sien nie. 5 Maar **die swart bul het gegroei en die vers het saam met hom gegaan**, en ek het gesien dat daar baie bulle uit hom gekom het en hulle het soos hy gelyk en hom gevolg.]

*[Gen_4:16 Toe gaan Kain weg van die Aangesig van JaHWeH, en hy het gewoon in die* ***Aarde van Nod/*** *Swerwers, aan die oostekant van Eden.]*

**Gen 4:6** En JaHWeH sê vir Kain: Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang?

Gen 4:7 Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie – **Verleiding lê en loer** voor die deur, en haar begeerte is na jou; maar jy moet oor haar heers.

Gen 4:8 En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan **en hom doodgeslaan**. [Wysheid van Salomo 10:3]

Gen 4:10 En Hy (**JaHWeH**) sê: Wat het jy gedoen? Die stem **van die bloed van jou broer roep na My vanuit die Adamah**[adamiet se Aarde] uit. [Boekrol van Henog 22:7; 47:1; 2 Ezra 15:8; Openbaring 6:9-10]

Gen 4:11 **Daarom sal jy vervloek wees**, vêr van die Adamah[adamiet se Aarde] wat haar mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang.

Gen 4:12 As jy die Adamah[adamiet se Aarde] bewerk, sal sy haar vermoë aan jou nie meer gee nie; **'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die Aarde.**

Gen 4:13 Daarop sê Kain aan JaHWeH: My skuld is te groot om dit te dra.

14 Kyk, U verdryf my nou van die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] af; en van U Aangesig sal ek my verberg; 'n swerwer en vlugteling sal ek op die Aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan.

15 Maar JaHWeH sê vir hom: **Daarom, as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word. En JaHWeH het 'n Teken gegee aan Kain**, sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie.